**Voorwoord:**

*Die volgende is 'n opvatting oor die VAN DYK geskiedenis uit die oogpunt van Ella Wilhelmina Jacoba VAN DYK (gebore GREEFF) 1937-2017. Sy het haar kleindogter, Elmien VAN DYK in 2013 gevra om dit vir haar vanaf 'n geskrewe dokument oor te tik. Elmien het dit in 2020 aan ons beskikbaar gestel. (Baie dankie Elmien) Alhoewel die begin nie heeltemal stryk met onlangse navorsing nie, is dit wel interessant om te sien wat sy kon aflei met die bronne tot haar beskikking tydens haar navorsing.*

# GESKIEDENIS VAN DIE VAN DYK FAMILIE

In 1691 toe Simon van der Stel goewerneur van die Kaap was, het Jan Pietersz (Pieterszoon) van Dyk (Dijk) met sy drie kinders vanaf Ysenberg Vlaandere in die Kaap aangekom. Hy was 'n wewenaar en het hom gevestig in die pas gestigte Stellenbosch. Sy kinders was Joost Pietersz, Burgert en Anna. Joost was die stamvader van die Van Dyks waarvan ons familie is.

Burgert trou met die stamvader Matthias Greeff se dogter, Johanna.

Joost Pietersz trou in Maart 1696 met Catherina Verburgh. Hulle het 2 kinders(seuns) gehad. Die seuns het in die westelike distrikte in die Kaap gebly. Na sy tweede vrou, Elizabeth van Wyk – waarby hy nog 2 kinders gehad het, se dood trek hy na Swellendam, waar hy in 1710 met Helena Siewers getroud is. Hulle het vier kinders gehad. Sy seun Sybrand was op 27 jarige ouderdom betrokke by 'n openbare demonstrasie wat byna op 'n rebellie uitgeloop het. Dit het gegaan oor die beveiliging van die kleinboere op die grensposte.

Van die burgers is op Piketberg voor die hof gedaag, oor onwettige veehandel, met die Namakwas, aan die grootrivier. Bevel is uitgereik om beslag te lê op alle vee van die betrokke boere.

Op Sondag 1 Maart 1739, het 'n klompie simpatieke boere te perd na die Paarlse kerk gery, toe die diens verby was het Sybrand 'n dokument aan die gemeente voorgelees, waarin die goewerneur en die landros van korrupsie en tirannie beskuldig word. Die dokument is met groot gejuig ontvang, en sou seker tot opstand gelei het, maar berig van 'n strooptog deur veediewe is ontvang en almal het teruggejaag.

Sybrand gebore 1712 het hom in Tulbach se wêreld gevestig. Hy was 'n buitelugmens. By sy eerste vrou, Alida Aletta Britz, het hy drie dogters gehad. Na haar dood is hy met Aletta Nobel getroud. Hierdie huwelik was kinderloos. Daarna is hy met Sara de Clerq (wed. Erasmus) getroud. Hulle het twee seuns en drie dogters gehad.

Sy oudste seun Joseph is in 1780 op Stellenbosch met Sagaria (Zacharia) Catharina Kruger getroud. Hulle het vyf kinders gehad. Hul vierde kind, Joseph, gebore 1789, (ryk Joseph) is met Margaretha Aletta van Zyl getroud. Haar broer was die stigter van Brandfort. Die Van Dyks het 'n groot gesin gehad. Hul vierde kind, Andries Jacobus Nicolaas is in 1827 op Bloemfontein gebore en op Colesberg gedoop.

Teen die einde van die 18de eeu was die kinders, kleinkinders en agterkleinkinders woonagtig in die grensdistrikte en Graaff-Reinet. Om en by 1850, was hulle versprei in Cradock, Grahamstad, Tarkastad en verder noord tot agter die Sneeuberge.

Die kleinseuns van Sybrand is destyds beboet omdat hulle die Slagtersnek opstand simpatiek gesind was. Hierdie gebeure het alles meegewerk dat die Groot Trek begin het. Daar was baie min van die Van Dyks wat nie by die Groot Trek betrokke was nie. Die grensdistrikke het byna leeggeloop.

Toe Louis Trichardt met sy trek in 1834 die kolonie verlaat kry hy op Witkeirivier die families van Joseph 1752, sy seun Franz 1787 en Sybrand 1784. Hulle het met hul skoonfamilies die Van der Merwes en die De Langes gebly. Die groep het hulle in 1836 in die Vrystaat by Hendrik Potgieter aangesluit.

Die Van Dyks was vermoënde mense. Ryk Joseph se trek was 7 waens, en sy broer Franz het 12 waens gehad.

Hul broer Andries 1792, het saam met Piet Retief by Thaba Nchu aangekom. Hulle was van dieselfde omgewing van Grahamstad.

Ryk Joseph was een van die 14 manne wat met die eerste kommisie na Dingaan in Port Natal gegaan het.

Andries was saam met Dingaan toe hulle by Dingaan uitgemoor is.
Omdat die trekkers so seker was van hulle suksesvolle onderhandelinge the hulle begin uitsprei onder die bome en langs die Bloukransrivier gebly. Die trekkers was rustig en het oor en weer gekuier. Die nag van 16 Februarie 1683, was dit donkermaan, en ‘n oormag Zoeloes het die kleiner laertjies een na die ander aangeval en uitgewis.

Die trekkers wat die skote gehoor het, het gedink dit was saluutskote van Retief en sy makkers. Andries wat vermoor is, se gesin is ook uitgemoor, behalwe sy seun, net Joseph het ontkom. Sybrand, is betyds deur Daniel Bezuidenhout gewaarsku (hy het voor die Zoeloes uitgevlug). Hy het met sy vrou en kinders ontvlug.

Die laer van Ryk Joseph is ook aangeval en sy vrou en van sy kinders is vermoor, maar Joseph en sy ander kinders het die nag by sy broer Franz gekuier en geslaap, en kon betyds vlug. toe hulle later die dag na die laer terugkeer betrap hul ‘n rower, besig om Joseph se geld uit die wakis te steel. ‘n Sekere Snyman het hom doodgeskiet en die geld teruggekry.

Die Van Dyks het toe saam met Andreis Hendrik Potgieter, die Vaalrivier oorgesteek en Potchefstroom aangelê, en van daar na Koster, en Swartruggens versprei. Ander Van Dyks het Natal verlaat en in Bronkhorstspruit omgewing gaan bly.

Franz Johannes 1787 het Andries Potgieter na Soutpansberg en Schoemansdal gevolg en daar gaan bly.

Die vermoorde Andries se seun Joseph het in Lydenburg gaan bly en het ‘n toonaangewende openbare figuur geword. Met ontdekking van goud en diamante was daar ook ‘n toestroming van die Van Dyks.

In die jaar 1898 was daar 107 stemgeregtigde mans, die meeste boere, net 3 onderwysers, een staatsamptenaar, 19 ambagsmanne - hoofsaaklik die boubedryf en die myne.

In die Oos Vrystaat was die familie verteenwoordig in Zastron, Smithfield, Wepener en Ladybrand.

Die nageslag van Sybrand Lukas Johannes en Andries Jakobus het van Bloemfontein noordwaarts getrek.

‘n Hele paar Van Dyk boere was vroeër in Brandfort distrik.

* Toe Brandfort Moedergemeente afgestig was, was die eerste lidmaat onder Dyk, Johannes Hendrik Jacobus van Dyk, omdat “van” nie daardie jare deel aan name gehad het nie – 30 Nov 1875.